



VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
Republiek van Suid-Afrika

Saak No : 1608/2009

Voor Sy Edele Regter **G F WRIGHT**

Op die **2 de** dag van **APRIL 2009**

In die saak tussen:

Hoëskool Hoopstad **1ste Applikant**

**Die Beheerliggaam van die
Hoëskool Hoopstad** **2de Applikant**

En

Die Departementshoof:

Departement van Onderwys:

Provinsie Vrystaat **1ste Respondent**

Mnr M S Mokgobo **2nd Respondent**

Mnr C J Frans **3rd Respondent**

Na oorweging van die Kennisgewing van Mosie en die ander dokumente wat ingedien is en na aanhoor van die Advokaat vir Applikant

WORD DIT GELAS DAT: (By ooreenkoms)

1. Die eerste en tweede respondentbeveel word om:-

- 1.1 hulle te weerhou daarvan om op enige wyse hoegenaamd, direk of indirek, in te meng met die taal- en/of toelatingsbeleid van die eerste applikant (die Hoëskool Hoopstad) soos dit deur die tweede applikant (die Beheerliggaam) vasgestel is (die taal en/of toelatingsbeleid);
- 1.2 hulle te weerhou daarvan om op enige wyse hoegenaamd, direk of indirek, leerders en ouers of voogde van leerders aan te spoor en/of aan te hits om, in stryd met die taal- en/of

- toelatingsbeleid, aansoek te doen vir toelating tot die Hoërskool Hoopstad;
- 1.3 hulle te weerhou daarvan om op enige wyse hoegenaamd, direk of indirek, in te meng met die toelatingsbeleid van die Beheerliggaam vir toelating tot die Hoërskool Hoopstad se koshuise (die koshuisstoelatingsbeleid), bekend as die Eben Dönges Seunskoshuis en Jan Viljoen Meisieskoshuis in Hoopstad (die Koshuis), en;
 - 1.4 hulle te weerhou daarvan om op enige wyse hoegenaamd, direk of indirek, leerders en ouers of voogde van leerders aan te spoor en/of aan te hits om in stryd met die koshuis-toelatingsbeleid aansoek te doen vir toelating tot die Koshuis.
2. Die derde respondent verbied word om:-
- 2.1 in stryd met die taal- en/of toelatingsbeleid enige leerder toe te laat en/of in te skryf as leerder aan die Hoerskool Hoopstad.
 - 2.2 in stryd met die koshuis-toelatingsbeleid enige leerder en/of ander persoon in te skryf en/of toe te laat as 'n inwoner van die Koshuis;
 - 2.3 sonder die toestemming van die Beheerliggaam enige leerder en/of ander persoon in te skryf en/of toe te laat as 'n inwoner van die Koshuis.
3. Eerste en tweede respondente om die koste van hierdie aansoek gesamentlik en afsonderlik te betaal soos op die skaal soos tussen prokureur en kliënt, die een betaal, die ander *pro tanto* kwytgeskeld te word.
4. Die partye bevestig dat die respondente kennis dra van die bevel hierin gevvolge uit hoofde daarvan dat hulle daartoe toestem, asook omrede hulle behoorlik regsvtereenwoordig is en dat dit gevvolglik nie vir applikante nodig is om die hofbevel hieringevolge op die respondente te beteken nie.
5. Hierdie ooreenkoms op Donderdag 2 April 2009 'n bevel van die Agbare Hof gemaak kan word.

OP LAS VAN DIE HOF


HOFGRIETIER

HORN & VAN RENSBURG
STAATSPROKUREURS